

## Veertien Gebeure na die Opstanding

Oorspronklik in Engels geskryf deur Andries Combrink. VDM  
In Afrikaans vertaal deur Johan Beyer. MA (Teologie).

Die **Via Lucis** (“Weg van Lig”), ook bekend as die Gebeure na die Opstanding, kan ‘n belangrike rol in ons geestelike lewe speel, in die dieselfde gesindheid van toewyding as die Veertien Gebeure van die Kruis.

Terwyl die Gebeure van die Kruis ons toewydingsgebede tydens die Lydenstyd en Heilige Week lei, en elke Christen wat daarna streef baie bied om in hy/sy verhouding met God te groei, begelei die Gebeure na die Opstanding ons oordenkings, gebede en aanbidding op Paassondag en die vyftig dae van die Paastyd wat op Paassondag begin en op Pinkstersondag op ‘n hoogtepunt afsluit.

Ons dink na oor die finale hoofstukke van elke evangelie wat die storie van die opgestane Heer in die tydperk tussen Paasfees en Pinkster vertel. Veertien “Gebeure van Lig” is geïdentifiseer. Al hierdie gebeure kom uit die Skrif en lei ons deur die historiese vyftig dae nadat Jesus, soos die Woord sê, uit die dood opgestaan het. Ons doen dit dat ons kan leer, ervaar, en opnuut gestuur kan word, terwyl ons deel in die geloofsreis wat die opgestane Jesus met sy dissipels gedeel het na sy opstanding. Hy het hulle aan die einde van sy bediening geleer om vreesloos in sy lig te lewe, want Hy is die opgestane Jesus Christus, ons Here en Verlosser.

God se plan om sy Kerk te plant en die evangelie deur sy dissipels tot aan die einde van die aarde te verkondig, kan deur ons voortgesit word, omdat ons vandag die lesse leer wat ander twee duisend jaar gelede geleer het. Mag hierdie reis jou na kragtige diensbaarheid en bediening lei deur die mag van die opgestane Heer, terwyl Hy ons met die vrug, gawes en die krag van die Heilige Gees seën.

### Veertien Gebeure na die Opstanding van Jesus Christus

Ten spyte van plaaslike variasies of verskille, wil dit tog voorkom asof daar groeiende konsensus bestaan aangaande die volgende, as ‘n algemeen gebruikte, tussen-kerklike lys van die Gebeure na die Opstanding. Die gebede is beïnvloed deur beide die oudste kerklike en die gereformeerde tradisies, en ek wil krediet gee aan ‘n verskeidenheid hulpbronne regdeur al die hoofstroom kerkverbande van wie ek so baie geleer het in my navorsing van die boodskap van die Gebeure na die Opstanding.



#### 1. Jesus word uit die dood opgewek

<sup>5</sup>Toe sê die engel vir die vrou: “Julle moenie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. <sup>6</sup>Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. (Matteus 28: 5b-6a).


*Gebed: Geliefde Here Jesus, ek het sonder hoop na U toe gekom, maar U het my hoop gegee. Ek het na u graf gekom sonder vrede, maar u oop, leë graf het aan my vrede geskenk. Mag ek nooit die eerste oomblik vergeet toe ek waarlik besef het dat U werklik lewe nie; dat U waarlik opgestaan het nie. Here, omdat U lewe, sal ek ook lewe. Amen.*

#### 2. Die leë graf word ontdek

<sup>8</sup>Daarna het die ander dissipel, (Johannes) wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en geglo. (Johannes 20: 8)

*Gebed: Here Jesus, U was dood, maar nou leef U vir ewig. Ook ek was dood in my sonde en vasgevang in onreinheid. Ek was verlore. U lewe gee my lewe en hoop en deur die mag van die opstanding het ek ‘n nuwe mens geword. Al word ek maklik bang en verward, kom U na my om toe om troos en rustigheid in my gemoed te bring, want U is altyd by my, deur die proses om my geloof te gee. Vervul my hart met die blydskap en vrede van U ewige lewe. Dankie, Here, dat U nou, deur geloof, in my lewe. Amen.*





### 3. Maria Magdalena ontmoet die opgestane Heer

<sup>14</sup> Sy het omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie. <sup>15</sup> Jesus vra haar toe: "Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy?" .... en sy het vir Hom gesê: "Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal." <sup>16</sup> Jesus het vir haar gesê: "Maria!" Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: "Rabboeni!" Dit beteken leermeester. .... <sup>18</sup> Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: "Ek het die Here gesien!" En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het. (Johannes 20: 14-18).


*Gebed: Geliefde Jesus, sonder U is ek verlore, maar as ek by U is, is ek gevind. U het my gevind, my op die naam geroep; selfs toe ek U nie herken het nie, het U my geseën met die hoop van U lewe. Dat U my gevind het bly altyd my troos in lewe en in dood. U*

*het my bevry van bande wat my eens gebind het. Hulle kan my nie langer bind nie. Help my om U te ken, om werklik te lewe en die vryheid wat U my deur u opstanding geskenk het, te geniet. Ek is ewig dankbaar dat U my Redder en Here is. Amen.*

### 4. Jesus verskyn aan die Emmausgangers

<sup>15</sup> Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop, <sup>16</sup> maar hulle oë is verhinder om Hom te herken... <sup>25</sup> Toe sê Hy vir hulle: "Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? <sup>26</sup> Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie?" <sup>27</sup> Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê. (Lukas 24: 15-16; 25-27).

*Gebed: Here Jesus, U lewe! U was dood, maar nou lewe U! Selfs wanneer ek dink dat U my verlaat het, bly U steeds hier by my, besig om u Woord aan my te verkondig. U beloftes is vir ewig waar. My eie vrees en bekommernis sal nooit die realiteit verander dat U waarlik leef en oor die dood getriomfeer het nie. Skenk aan my hoop deur die Woord wat vir my U lewe bring. Laat my al U beloftes onthou, en weet dat u lewe blydskap vir alle ewigheid gee. Dankie vir u lewe en dat U dit met my deur die Woord deel. Amen.*



### 5. Jesus word geken met die breek van die brood

<sup>29</sup> Hulle het by Hom aangedring en gesê: "Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby." Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly. <sup>30</sup> Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle. <sup>31</sup> Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn. <sup>32</sup> Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?" (Lukas 24: 29-32).

*Gebed: O Here van lewe, dit wat U sê sal ons brandende harte kalm. Wat U belowe sal nie verander nie, want U is die Weg, die Waarheid en die Lewe. In U vind ons soveel meer as woorde – ons vind die brood van die lewe. En as ons gemeenskap het met U wanneer ons brood met U deel, vind ons hoop en lig. Open my oë. Laat die Heilige Gees my oë open deur gemeenskap met U, die lewende*

*Here. Breek brood saam met my, Here en skenk aan my geloof. Gee my begrip dat ek alles kan verstaan wat U vir my wil sê deur u nimmereindige nabyheid. Dankie Here Jesus vir U volharding om selfs iemand soos ek te leer. Amen.*

## 6. Jesus verskyn aan die dissipels in Jerusalem

<sup>38</sup>Hy sê toe vir hulle: "Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte? <sup>39</sup>Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie." <sup>40</sup> Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete. (Lukas 24: 38-40).



*Gebed: Here Jesus, U lewe waarlik! U was dood, maar nou leef U! Selfs wanneer ek dink dat U my verlaat het, is U steeds aan my sy, besig om u Woord aan my verkondig. U beloftes bly vir ewig waar. My moeilikhede en kommer sal nooit die realiteit verander dat U wel leef en dat U oor die dood getriomfeer het nie. Gee my hoop deur die Woord, wat aan my u hande en voete en oorwinning oor die dood, verkondig en daardeur vir my u lewe skenk. Dankie vir u lewe en dat U dit graag met my deel. Amen.*

## 7. Jesus gee aan die dissipels sy vrede en die reg om vergifnis van sonde te verkondig.

Alhoewel die deure gesluit was... het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!"... Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.<sup>21</sup> "Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."<sup>22</sup> Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! <sup>23</sup> As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie." (Johannes 20: 19b, 20b-23).



*Gebed: Hemelse Here, U vrede is altyd by my. U het my geroep om aan U te behoort, sodat ek ander van U kan vertel, en van als wat U geleer het. Skenk aan my die vertroue van u lewe en die hoop van u opstanding, die krag van van u Gees en die blydschap van u teenwoordigheid. U is altyd by my. Ek bid dat ek U sal ken, en ander sal leer om u gesag om sonde te verhewe te sien en te ervaar. Leer my om hierdie waarheid met ander te deel. Gee my die regte woorde en die krag dat ek U deur my bediening kan eer. U het my U boodskapper gemaak om vergifnis van sonde te verkondig. U bring waarlik goeie nuus vir my en deur my aan almal wat U vergiffenis in geloof ontvang. Amen.*



## 8. Jesus versterk Thomas se geloof

<sup>24</sup>Tomas, wat ook Didimus genoem is... was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie. <sup>25</sup>Die ander... sê toe: "Ons het die Here gesien!" Maar hy sê vir hulle: "As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."...<sup>26</sup> Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by julle. ... Jesus het gekom... en gesê: "Vrede vir julle!"<sup>27</sup> Daarna sê Hy vir Tomas: "Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig." <sup>28</sup> En Tomas sê vir Hom: "My Here en my God!" <sup>29</sup>

Toe sê Jesus vir hom: "Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo." (Johannes 20: 24- 29).

*Gebed: O Heilige Jesus, my Here en my God! U het gesterf, maar het werklik uit die dood opgestaan en ek saam met U, U wat my geloof gee en my twyfel en vrees wegneem. Ek was dood en verlore, en tog lewe ek nou in U. Ek is geseënd, want al het ek U nie soos Tomas gesien nie, en het ek nooit my vinger in die wonde gesit nie, het U my hoop en geloof gegee. Ek wag vir U, en my gewag is nie doelloos nie. My hoop is nie dwaas nie, want U lewe werklik, my Here en my God. In U vind ek die krag om te lewe; om vry te wees van twyfel en om U altyd te ken. Amen.*



### 9. Jesus verskyn by die see van Tiberias

<sup>10</sup> Jesus sê toe vir hulle: “Bring van die vis wat julle nou net gevang het.”... Dit was... honderd drie en vyftig visse, en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.<sup>12</sup>Toe sê Jesus vir hulle: “Kom eet.” ... Hulle het geweet dat dit die Here is. (Johannes 21: 10-12).

*Gebed: Geliefde Here Jesus, ek wy my lewe aan U toe. U is die Een wat roep en wat lei, want as ek op my eie loop, verdwaal ek, en is ek nie in staat om sukses te behaal nie. In u Naam kom ek alles te bowe, en vind ek vreugde. U goddelike mag voorsien in wat ek nodig het. Skenk aan my die geloof en vertrouwe om in gehoorsaamheid te lewe, om geduldig te wag en met passie te werk. Leer my om te vertrou en help my om te luister. Dankie dat U my geroep het, en my in staat stel om te doen wat U van my vra. Ek is nie alleen nie. U, die lewende Here wat roep en krag gee, is by my. Vir alles wat U vir my gedoen het, aanbid en prys ek U. Amen.*

### 10. Jesus vergewe Petrus en gee hom opdrag om sy skape op te pas.

<sup>15</sup> Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Simon Petrus: “Simon seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier?”... Petrus het bedroef geword omdat Jesus hom die derde keer gevra het: “Het jy My lief?”, en hy antwoord Hom: “Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.” Jesus sê toe hom: “Laat my skape wei” (Johannes 21: 15, 17b, 19b).



vir

U

*Vergewende Here, ek het U lief. Wanneer U my hierdie vraag vra, sal ek aanhou antwoord dat ek U liefhet. U vergewe al ons sondes, selfs toe ons verloën het. U bevry ons van selfverwyte en skaamte. Ek sal my liefde demonstreer deur na U lammers om te sien en U skape te laat wei. Ek sal my liefde uitdruk deur die opbou van u Kerk. Ek het U liewer as enige iets anders en weet as ek u mense vergeet, vergeet ek ook vir U. Gee my die wysheid en liefde om vir hulle te sorg wat vir U belangrik is. Amen.*



### 11. Jesus se groot opdrag aan sy dissipels, op die berg.

<sup>19</sup> Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en <sup>20</sup> leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”(Matteus 28: 19- 20).

*Gebed: Hemelse Here, U is altyd by my. U het my geroep om aan U te behoort, sodat ek ander van U kan vertel en alles wat u ons geleer het. Gee my die selfvertroue van u lewe en die hoop van u opstanding, die krag van U Gees en die blydskap van u teenwoordigheid. U is altyd by my, van die begin tot die einde. Ek bid dat ek U sal ken, en ook ander sal bring om U gesag en liefde te leer ken. Leer my hoe om te onderrig, gee my die woorde wat gesê moet word en skenk aan my die krag om U met my hele lewe te eer. Toe ek gedoop is, het U bepaal dat ek U u boodskapper sal wees en ek dank U vir die oorfloed wat ek so onverdiend uit u hand ontvang. U bring werklik goeie nuus vir my en vir die hele wêreld. Amen.*

## 12. Die hemelvaart van Jesus

<sup>19</sup> Nadat die Here Jesus dit vir hulle gesê het, is Hy in die hemel opgeneem en het Hy aan die regterhand van God gaan sit. <sup>20</sup> Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het. (Markus 16: 19-20).

*Gebed: Here, U lewe! U het uit die graf opgestaan en opgevaar na die hemel. My hart en my lewe styg as't ware op saam met U as ek u lewe herdenk. Ek is geheel en al die werk van U genade, as gevolg van U ontsagwekkende teenwoordigheid. Al het U opgevaar na die hemel, sal U my nooit laat vaar nie. Ek sal vir ewig saam met U lewe en deel in gemeenskap met U. Ek sal deurgaans die oorwinning wat u behaal het herdenk en bly wees oor die troon wat die Vader U gegee het. Dankie, Here, vir al U beloftes wat nooit leeg en onvervuld bly nie. Skenk aan my die krag en geloof om ferm te bly staan sodat ek gereed sal wees vir die dag wanneer U op die wolke kom om vir ewig oor alles te regeer. Amen.*



## 13. Die Dissipels, vroue, Maria en sy broers wag in gebed.

In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het....  
<sup>14</sup> Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by. (Handelinge 1: 13a, 14).

*Gebed: Here Jesus Christus, U is magtig en sterk, maar U luister na beide die sterkes en dié wat swak is, die rykes en die armes, die invloedrykes en die nederiges. Vir U volg ons met passie; trek ons nader aan U en vul ons met hoop en lig. Help my om met geduld en volharding te bid en nooit die geloof in U passie om sondaars te red, te verloor nie. Ek wag op U en die volheid van die seën van U Gees. Amen.*

## 14. Die Heilige Gees word uitgestort tydens die Pinksterfees.

<sup>2</sup> Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit **het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.** <sup>3</sup> **Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.** <sup>4</sup> Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. (Handelinge 2: 2-4).

*Gebed: Almagtige Vader, U Seun is gebore, Hy het gesterf en het uit die dood opgestaan. Hy het my van my sonde gered, en deur hierdie offer het U my skoon gewas. Hy het gekom en gepreek en onder ons kom woon en daarom weet Hy wat dit beteken om mens te wees. Dankie Jesus vir U liefde, vir die lewe en hoop wat by U gevind word. Nou het die Heilige Gees op ons almal neergedaal om ons krag en lig te gee en ons te vervul met Bron van die Lewe. Help my om in hierdie realiteit te lewe, en nooit weer na die skadu's, die donker waarin ek eens was, teruggetrek te word nie. Vul my met U Gees, Here, ja, hou aan om my elke dag te vul tot aan die einde van my dae! Vul my met U lewe! U alleen is my hoop en alle lig kom van U.*

*Mag die God van die hemel en die aarde vir ewig geprys word.*

*Die Gees het gekom en Jesus sal gou terugkom.*

*Mag die Vader, Seun en Heilige Gees geprys word! Amen.*

